
**Deur President**
**Thomas S. Monson**



# Vrede, Wees Stil

Op 'n dag 'n paar jaar geleede, nadat ek sake by die kantoor afgehandel het, het ek 'n sterk indruk ontvang om 'n sekere ou weduweë te besoek, wat 'n passient in 'n ouetehuis in Salt Lake City was. Ek het reguit daarheen gery.

Toe ek by haar kamer kom, het ek dit leeg gevind. Ek het een van die verpleegsters gevra waar sy kon wees en is na die sitkamer area verwys. Ek het die duurbare weduweë daar gevind waar sy besig was om saam met haar suster en 'n vriendin te kuier. Ons het 'n aangename gesprek saam geniet.

Terwyl ons gesêls het, het 'n man na die kamer se deur gekom om 'n blikkie koeldrank uit die muntoutoemaat te verkry. Hy het na my gekyk en gesê, "Haai, jy is Tom Monson."

"Ja," het ek geantwoord. "En jy lyk soos 'n Hemingway."

Hy het erken dat hy Stephen Hemingway was, die seun van Alfred Eugene Hemingway, wat 'n paar jaar gelede as my raadgewer gedien het, en wie ek geken het as Gene. Stephen het my verwittig dat sy vader in dieselfde instansie was en na aan die dood is. Gene het my naam uitgeroep, en die familie wou my al gekontak het, maar kon nie 'n telefoon nommer vir my opspoor nie.

Ek het myself onmiddelik verskoon en saam met Stephen na die kamer van my voormalige raadgewer gegaan, waar van sy ander kinders byeen gekom het, sy vrou het 'n paar jaar gelede al gesterwe. Die kinders het my ontmoeting met Stephen in die sitkamer area gesien as 'n antwoord van ons Hemelse Vader af, op hulle intense begeerte dat ek hulle vader sou sien voor sy afsterwe en sy roepstem sou beantwoord. Ek het ook só daaroor gevoel, want as Stephen nie op daardie pressiese oomblik die kamer binne gekom het nie, sou ek nie geweet het dat Gene in die fasiliteit was nie.

Ons het aan hom 'n seëning gegee. 'n Gees van vrede het geheers. Ons het 'n lieflike kuiertjie geniet, waarna ek vertrek het.

Die volgende oggend het 'n telefoon oproep bevestig dat Gene Hemingway, slegs 20 minute nadat hy die seëning van my en sy seun af ontvang het, — afgesterwe het.

Ek het 'n stille dank gebed aan ons Hemelse Vader gerig vir Sy leidende invloed, wat my beïndruk het om die ouetehuis te besoek en my na my liewe vriend Alfred Eugene Hemingway gelei het.

Ek dink graag dat Gene Hemingway se gedagtes daardie aand — terwyl ons in die lig van die Gees gestaan het, in nederige gebed deel geneem het, en 'n priesterskap seëning uitgespreek het — die woorde in die gesang "Meester, Die Storm Woed" weerklink het:

*Talm, O geseënde Verlosser!*
*Laat my nie meer alleen,*
*En met vreugde sal ek die geseënde hawe beryk*
*En rus op die salige strand.*

Ek is nog steeds lief vir daardie gesang en getuig van die troos wat dit offer:

*Hetsy die toorn van die stormende see*
*Of bose geeste of mans of wat ook al dit mag wees,*
*Geen water kan die skip verswelg nie, waar lê*
*Die Meester van oseane en aarde en hemelruim.*
*Hul sal almal graag U wil nakom:*
*Vrede, wees stil.*[1]

Deur die trane en beproewing, deur die vrese en verdriet, deur die hartseer en alleen wees wanneer ons geliefdes verloor, is daar versekering dat die lewe ewigdurend is. Ons Here en Verlosser is die lewend getuienis, dat dít só is.[2] Sy woorde in heilige skrif is genoegsaam: "Wees stil, en weet dat Ek God is" (Psalm 46:10). Ek getuig aangaande hierdie waarheid.

**NOTAS**
1. "Meester, die Storm Woed," *Gesange,* nr. 105.
2. Sien Richard L. Evans, "Laat Ons So Lewe om Verewig te Lewe," *New Era,* Julie 1971, 18.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Hierdie boodskap kan iemand, wat 'n geliefde verloor het, of diegene wat met beproewing worstel, vertroos. Dink daaraan om een van die volgende skrifture, bo en behalwe President Monson se boodskap, te deel, volgens die behoefdes van diegene wat jy besoek: Job 19:25–26; 1 Korinthiërs 15:19–22; Mosia 24:13–15; Leer en Verbonde 122:7–9. Indien geïnspireer, kan jy getuig van die vrede wat die Verlosser jou gegee het gedurende jou eie beproewinge.

## JEUG

### Genees Asseblief My Hart

**Deur Kelsey LeDoux**

Ten tye van die herdenking van my broer se dood, het ek terug gedink aan my tyd sedert sy afsterwe. Ek het nie net die verskriklike pyn onthou nie, maar ook die seëning wat God op my uitgestort het.

Ek kon nooit verstaan hoe mense kon sê, dat die dood van 'n geliefde, seëninge kan bring nie. Ek kon nie verstaan hoe ek eenigsins vreugde en dankbaarheid kon voel, vir iets wat my só diep seer gemaak het nie. Daar was alhoewel een aand, wat my perspektief heeltemal verander het.

Ek het in die middel van die nag met 'n sware hart wakker geword. Die pyn het my versmoor. Ek het op my knieë geval en snikkend tot my Hemelse Vader gebid. Ek is my hele lewe aangaande die Versoening en Jesus Christus se wonderbaarlike geneesings krag geleer. My geloof was nou beproef. Glo ek werklik? Ek het Hemelse Vader gevra om asseblief my hart te genees. Die pyn was te veel vir my om dit alleen te hanteer.

'n Gevoel van vrede, vertroosting, en liefde het oor my hele wese gespoel. Ek het gevoel asof God my in Sy arms geneem het en besig was om my teen die verskriklikke pyn wat ek ondervind het, te beskerm. Ek het my broer nog steeds gemis, maar het alles met nuwe oë gesien. Daar was so baie wat ek uit hierdie ondervinding kon leer.

Ek weet dat die Here se liefde en vrede beskikbaar is. Ons hoef net deel te neem.

## KINDERS

### Kies om Stil te Wees

President Monson sê dat wanneer ons stil en eerbiedig is, kan ons vrede ervaar en 'n sterker getuienis aangaande Hemelse Vader ontvang. En die Heilige Gees kan ons beter aanspoor, aangaande maniere waarop ons ander mense kan help.

Skryf neer of bespreek een manier hoe jy, saam met jou ouers, stil kan wees. Neem dan tyd hierdie week om dit te probeer. Nadat jy dit gedoen het, kan jy in jou joernaal, die gevoelens aanteken wat jy gehad het, asook enige inspirasie wat jy ontvang het.

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *First Presidency Message, March 2013.* Taal. 10663 501

# Aktivering

*Bestudeer die materiaal met gebed, en waar van toepassing, bespreek dit met die susters wat jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jou susters te versterk en om Vroue Vereeniging 'n aktiewe deel van jou lewe te maak. Vir meer inligting, gaan na reliefsociety.lds.org.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Ons profeet, President Thomas S. Monson, het ons aangemoedig om "uit te ryk en diegene te red wat hulp nodig het en om hulle na hoër paaie en beter weë, te lig. . . . Dit is die Here se werk, en ons is op die Here se opdrag, . . . ons is geregtig tot die Here se hulp.[1]

"Baie jare gelede het LaVene Call en haar vroue besoeker metgesel 'n minder-aktiewe sister besoek. Hulle het aan die deur geklop en 'n jong moeder in haar japon gevind. Sy het siek gelyk, maar hulle het gou agter gekom dat haar probleem alkohol was. Die vroue besoekers het gesit en met die sukkelende jong moeder gepraat.

Nadat hulle weg is, het hulle gesê, "Sy is 'n kind van God. Ons het 'n verantwoordelikheid om haar te help." Hulle het haar gereeld besoek. Elke keer kon hulle 'n verandering, ten goede, sien en voel. Hulle het die suster gevra om Vroue Vereeniging by te woon. Alhoewel sy dit eers huiwerig bygewoon het, het sy dit mettertyd gereeld bygewoon. Na 'n bietjie aanmoediging het sy en haar man en dogter begin om kerk dienste by te woon. Die man het die Heilige Gees aangevoel. Hy het gesê, "Ek gaan doen wat die biskop voorgestel het." Hulle is nou aktief in die Kerk en is in die tempel geseël.[2]

### Uit die Skrifture

3 Nefi 18:32; Leer en Verbonde 84:106; 138:56

### Vanuit ons Geskiedenis

Om diegene wat afgewandel het te help om terug te keer na die evangelie van Jesus Christus toe, was nog altyd deel daarvan om 'n Heilige van die Laaste Dae, en 'n lid van die Vroue Vereeniging, te wees. President Brigham Young (1801–77) het gesê, "Laat ons medelye teenoor mekaar hê, . . . en laat diegene wat kan sien, die blindes lei, totdat hulle vir hulself kan sien.[3]

Eliza R. Snow, "tweede algemene president van die Vroue Vereeniging, het die susters in Ogden, Utah, VSA, se poging om mekaar te versterk, erken. Sy het gesê, "Ek is wel bewus dat 'n groot deel geskenk word (in terme van diens) wat nooit die [rekord] boeke bereik nie." Maar ons besef dat 'n hemelse rekord gehou word van die susters se werk, soos wat hulle uitryk na diegene wie se harte al koud geword het, "President Joseph Smith het gesê dat hierdie organisasie gestig is om siele te red. . . . Nog 'n boek word gehou van julle geloof, julle vriendelikheid, julle goeie werke, en woorde. . . . Niks sal verlore gaan nie."[4]

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Die Salige Roeping van Diens," *Liaona,* Mei 2005, 55, 56.
2. Brief aan die Vroue Vereeniging algemene presidensie vanaf die dogter van LaVene Call.
3. Brigham Young, in *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Vroue Vereeniging* (2011), 107.
4. Eliza R. Snow, in *Dogters in My Koninkryk,* 83.

### Wat Kan Ek Doen?

**1.** Het ek die vrymoedigheid om 'n minder-aktiewe suster te vra, om die Vroue Vereeniging saam met my by te woon?

**2.** Voel die susters waarna ek omsien, gemaklik om my vrae oor die evangelie te vra?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *Visiting Teaching Message, March 2013*. Taal. 10663 501